
DEEL 118 | WEEK 45 | 6 NOVEMBER 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



Elke Stem Tel!

'n Merk op die vinger, 'n stem in die stembus en 'n belangrike oomblik vir Suid-Afrika se demokrasie.
Volgens voorlopige syfers het sowat 12 miljoen kiesers teen 17:00 hul stem uitgebring. Nou wag die land in afwagting op die uitslae.

suremarx
brokers

santam
iMPAC CropSure
Agri Seker
'n Seker Toekoms

VAN DIE LANDERYE TOT OP DIE STRAND –
MAAK SEKER JOU OES IS VEILIG!

Jy kan nie die weer beheer nie, maar jy kan jou risiko's bestuur.
Kontak ons vandag nog vir gemoedsrus.

083 288 6365 | 016 971 1885 | info@suremarx.co.za

FSP 4086


NOVON PROTECTA
Johnny Claassen - 082 779 3417

JCB
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

HIGH FERT HF KUNSMIS
Eben Claassen - 072 581 7627

UIT DIE PEN:

Week 45



Facebook se algoritme het die afgelope vier weke omtrent elke dag iets van Emily Hobhouse opgelewer. Ons weet mos almal wie die Engelse vrou was, en ek het nie eers die moeite gedoen om uit te vind waaroor alles handel nie.

Iewers verlede week sien ek ook dat daar ’n kort dokumentêr op kykNet is oor Emily. Ek neem dit op. Daarna sien ek dat daar ’n herbegrafnis vir haar gaan wees.

Veel later kom ek agter dat dit verlede week 100 jaar was sedert haar as in die Vrouemonument in Bloemfontein begrawe is. Suid-Afrika het vir haar ’n simboliese herbegrafnis gegee, wat kompleet in 1926 afspeel.

Emily Hobhouse het die Engelse vertel van die pyn, lyding, swak higiëne en sterftes in die konsentrasiekampe gedurende die Anglo Boereoorlog. Sy het Suid-Afrika die eerste keer in Januarie 1901 besoek.

Sy het ook haar eie mense vertel van Lord Frederick Roberts en Horatio Kitchener, se verskroeide aarde beleid. Alles moes afgebrand word. Na raming is 30 000 plase afgebrand.

Ek sien almal wat aan die optog deelneem. Aan die voorpunt van die optog is ’n kadetorkes. Die tamboermajoor gee die hele tyd die ritme aan. Agter die orkes is daar ses meisies in wit gelee. Hulle dra die simboliese kis van Emily.

Agter hierdie ses meisies is nog ’n groep meisies in wit geklee. Soos die ses meisies heel voor het hulle ook wit sluiers aan. Net soos die optog in 1926. Hierdie meisies is van Oranje Meisieskool en Eunice in Bloemfontein.

Agter die meisies is daar vroue, almal in swart geklee. Swart kouse, skoene, rok en swart hoed. Hulle glimlag nie. Hulle verteenwoordig die vroue wat in die konsentrasiekampe was gedurende die oorlog. Daar was in daardie tyd baie min om oor te glimlag.

Omtrent 650 mense het aan hierdie optog en die aktiwiteite van die dag deelgeneem. Daar is selfs ’n klein tentedorp by die Vrouemonument opgeslaan sodat almal die gevoel van die konsentrasiekamp kon kry.

Saterdagmiddag ontmoet ek vir Lelanie. Sy is dalk 25, dink ek. Ons praat van die hitte van die afgelope paar dae en die dae wat nog gaan kom. Ek vertel haar van die optog waarna ek gekyk het.

“Weet jy wie Emily Hobhouse was?”

“Nee, tannie. Vertel my.”

Ek vertel vir haar in kort wie en wat Emily was. Ek vergeet amper die rede waarom ek dit vir haar vertel het: ons het gesels oor die erge hitte. Terwyl ek na die optog gekyk het, het ek gewonder hoe die vroue in swart die hitte verdra. Behalwe dat hulle heeltemal in swart geklee was, het hulle die hele dag in die son gestap. En dit moes erg gewees het. Hier in Pretoria braai ons uit. Ons kan waaiers of lugreëlings aanskakel. Ons het toegang tot gesonde kos en lopende water. Ons het spoeltoilette. Dit moes vreeslik gewees het.

Weet ons regtig wat die vroue en kinders in die konsentrasiekampe moes deurgaan? Ek en Lelanie probeer vir mekaar verduidelik hoe hierdie toestande moes wees.

Ek kan onthou dat my ouma se ma in die oorlog was. Sy was ook in ’n konsentrasiekamp. Ek is so jammer ek kan nie onthou waar dit was nie. Iewers lui Springfontein ’n klokkie, maar ek kan verkeerd wees.

My ouma was nie lief vir die Engelse nie. Ek dink nie een van die oorlewendes was regtig lief vir die Engelse nie. Ek weet van mense wat vir jare geveg het teen die Engelse taal. Hulle het verseg om dit te leer en te praat.

’n Sekere dorp het ’n algemene handelaar gekry. Die winkel se naam was letterlik “General Dealer”. Die een tannie het dit tot met haar dood as “Generaal De Aler” uitgespreek, soveel het sy die Engelse en die taal gehaat.

Nadat ek die storie van Emily vertel het, knik Lelanie haar kop. Ja, sy het al van Emily gehoor. Sy verstaan hoekom Suid-Afrika haar vereer.

Maar ons nasie het teruggeveg en weer hulle afgebrande plaashuise herbou. Hulle het weer van voor af begin boer. Uiteindelik kon die boere weer ’n oes lewer en ’n bestaan maak.

Dit het weliswaar jare geneem, hulle het hard gewerk, maar hulle kon dit regkry.

Terwyl ek na die lang optog gekyk het, het ek my verstom aan die aantal jong meisies van die twee skole in Bloemfontein. Hulle het geweet wie Emily is en wat sy vir die Suid-Afrikaners beteken het. En tog was sy deel van die “vyand.”

Ek het hierdie week weer geleer dat daar goeie mense is wat die lewe vir ander beter wil maak. Emily is gespot en was die onderwerp van menige koerantartikel: Sy verkoop leuens! Die koerantopskrifte het dit uitbasuin. Hoe kan sy teen die Britse regering se besluite uitvaar? Dit gaan nie regtig so sleg in Suid-Afrika nie, die konsentrasiekampe is eintlik plekke waar almal veilig kan voel.

Uiteindelik het iemand haar geglo.

Nie een van ons hoef ’n Emily te wees nie. Elkeen kan net ’n klein deeltjie doen om die lewe vir een mens makliker te maak. Jy hoef nie eers baie geld daaraan te spandeer nie.

Kyk vandag om jou rond: waar kan jy jou hand uitsteek om sommer so in die verbygaan iets te doen? En nadat jy dit gedoen het, kan jy weer na jou lugverkoelde huis toe gaan en jouself gaan afkoel in die hemelblou swembad.

Dit kos dalk nie veel nie.

Ons kan nog ’n les van die oorlewendes leer: nie almal het hulle wrokkig gehou teenoor die Engelse nie. Ons kon dit agter ons sit, die spykers van die verlede uittrek, alhoewel die spykermerke nog in ons geskiedenis sit.

Ons hoef van al die wandade te vergeet nie. Maar ons hoef dit nie meer aan ons bors te koester nie.

Gaan doen net iets klein. Begin daar.

Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

Omgie Brings Joy and Awareness to Heilbron Schools



• Elmarie Els-Hammann

Heilbron, Free State – Excitement filled the air as Omgie, the beloved mascot of Engo and the Engo family care team, visited three primary schools in Heilbron as part of a community outreach and awareness campaign. The visits took place on 26 and 27 October 2026, reaching more than 1,720 learners at Bhekilanga Primary School, Phiritona Primary School, and Boitumelong Primary School.

Learners eagerly welcomed Omgie, whose birthday is celebrated annually on 30 October. The mascot’s appearance created a fun and engaging atmosphere, allowing children to interact with Omgie while learning more about the important work carried out by Engo Family Care.

The outreach initiative formed part of Engo’s efforts to promote child and family wellbeing within local communities. Learners showed great enthusiasm during the visits, with many excited to meet Omgie in person and participate in the activities presented by the Engo Family Care Heilbron team.

Teachers and school management also expressed their appreciation for the initiative and warmly welcomed the Engo team. The positive response from educators highlighted the value of programmes that encourage community involvement and support for children.

During the visits, learners received information about purchasing Omgie stickers and were invited to participate in the Omgie Colouring Competition, proudly sponsored by Engo. The competition aims to promote creativity while further strengthening awareness of the organisation’s services and community programmes.

The successful school visits not only brought smiles to hundreds of children but also strengthened the partnership between Engo Family Care and local schools. Through initiatives such as these, Engo continues to make a meaningful difference in the lives of children and families across the community.

Meer as 12 miljoen kiesers stem

Die 2026 plaaslike regeringsverkiesing het Woensdag, 4 November, 'n sterk opkoms van kiesers getoon. Volgens die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) het meer as 12 miljoen Suid-Afrikaners teen 17:00 reeds hul stem uitgebring. Dit is 'n aansienlike toename teenoor die 2021-verkiesing, toe net minder as 8 miljoen kiesers teen dieselfde tyd gestem het.

Die stemlokale het om 21:00 gesluit, waarna die telproses begin het. Die eerste voorlopige uitslae toon 'n noue wedloop tussen die ANC en die DA. Volgens beskikbare syfers om 06:32 Donderdagoggend het die ANC 32% van die proporsionele stemme gehad, gevolg deur die DA met 31,3%. Die MK-party het 5% en die EFF 4,9% aangeteken.

Teen dié tyd was uitslae van 3 559 van die land se 23 696 stemdistrikte verwerk, oftewel ongeveer 15%. Meer as 1,2 miljoen geldige proporsionele stemme was reeds getel.

Die finale uitslag sal eers bekend wees nadat alle stemme getel, geverifieer en verwerk is. Die OVK het aangedui dat die finale uitslae binne sewe dae bekend gemaak sal word.

Die politieke prentjie kan dus nog aansienlik verander namate meer stemdistrikte se uitslae bekend gemaak word.

Nuwe elektrisiteitstelsel tree in werking vir Heilbron en Phiritona

Inwoners van Heilbron en Phiritona moet kennis neem van die verandering aan die voorafbetaalde elektrisiteitsverkoopstelsel wat vanaf middernag op 4 November 2026 in werking tree.

Volgens ’n kennisgewing van Metsimaholo- en Ngwathe-munisipaliteite vorm die verandering deel van die oorgangsproses nadat Heilbron en Phiritona by Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit ingelyf is. Die bestaande elektrisiteitsverkoopstelsel word met ’n nuwe diensverskaffer se stelsel vervang.

As deel van die oorskakeling moet die betrokke voorafbetaalde elektrisiteitsmeters met nuwe sleutelkodes opgedateer word. Wanneer inwoners elektrisiteit aankoop, kan hulle twee bykomende sleutelkodes, bekend as Key Change Tokens, ontvang, gevolg deur die gewone elektrisiteitstoken.

Dit is belangrik dat die twee sleutelkodes in die korrekte volgorde op die meter ingesleutel word voordat die elektrisiteitstoken gelaai word. Inwoners moet die instruksies wat saam met die tokens verskaf word, noukeurig volg om te verseker dat hul meters suksesvol na die nuwe stelsel oorgeskakel word.

Inwoners wat probleme ondervind met die aankoop of laai van elektrisiteit, of onseker is oor die nuwe proses, word aangeraai om die betrokke munisipale kantore te kontak vir hulp en verdere verduideliking.

Die oorskakeling is ’n verdere stap in die administratiewe integrasie van Heilbron en Phiritona by Metsimaholo-munisipaliteit.

Heilbron se stoete presteer by SA Stamboek-toekennings

Drie SAVM stoet-telers van Heilbron het tydens SA Stamboek se jaarlikse streektoekennings erkenning ontvang vir hul uitnemendheid in die kleinveebedryf.

Die toekennings is einde Oktober tydens SA Stamboek se jaarlikse Trailblazers-geleentheid in Bloemfontein oorhandig. Die geleentheid gee erkenning aan lede wat deur hul harde werk, toewyding en prestasie in die veebedryf uitblink.

Gottenburg SAVM, die stoet van Nadine Jansen van Rensburg, het 'n silwertoekenning by die vleis afdeling vir die Oos-Vrystaat ontvang. Zenith Trust het goud in dieselfde streek verwerf, terwyl SD Pretorius in die Wes-Vrystaat met dubbelgoud bekroon is.

Telers word op verskeie terreine beoordeel, waaronder die noukeurigheid van data-aantekening, prestasie-evaluering, kuddebestuur en genetiese vordering. Die korrektheid en tydige indiening van stoetrekords vorm ook deel van die beoordeling.

Die toekenningskategorieë strek van Meriete, Brons, Silwer en Goud tot Dubbelgoud en Platinum. Uit hierdie beoordeling word die onderskeie streekwenners aangewys.

Die drie Heilbron-stoete se prestasies is 'n mooi bewys van die kundigheid en volgehoue toewyding waarmee plaaslike telers hul stoete bestuur.

Baie geluk aan al drie met hierdie welverdiende erkenning!



Op die foto vl: Nadine en Jacques Jansen van Rensburg.

Huppel Trippel hou 'n Gesels-Oggend

Met Huppel Trippel-lede wat drupsgewys aangekom het nadat hulle gestem het, het die ander lekker gesels oor lewensveranderende gebeurtenisse wat hulle self ervaar het, of waarvan hulle weet. Dit het begin by Kolonel Saunders van KFC se nederige begin, regdeur Charlize Theron se moeilike kinderlewe tot by Moeder Teresa en Emily Hobhouse se reuse rolle in die wêreld. Nader aan die huis is dr Thinus Hermann, Albie Schoeman en Annatjie du Preez se reuse spore in Heilbron onthou. Ons het afgesluit met persoonlike lewensveranderende ervarings. Nog 'n ontspanne, leersame en gesellige oggend is afgesluit met heerlike eetgoed wat deur Wilmien Naude verskaf is. Oor twee weke, op 17 November, is GP Rossouw die gas. Hy kom deel inligting oor sy munt-versameling. Kom luister gerus as jy ook daarin belangstel.



'n Paar van die Huppel Trippel-lede wat die oggend bygewoon het.









Bronnies verwelkom voornemende leerders

Hoërskool Heilbron se opedag op Saterdag, 31 Oktober, was 'n heerlike geleentheid waar voornemende leerders en hul ouers op 'n besondere manier kon kennis maak met die skool en alles wat dit bied.

Om 12:00 het die kleingoed en hul ouers by die skool opgedaag, gereed vir 'n avontuur. Elke kind het hul eie paspoort ontvang, want daar het 'n opwindende reis deur die skool gewag.

Mnr. Jan, die onderhoof, het die geleentheid amptelik geopen, waarna juffrou Suzilda, die departementshoof (HOD), die ouers toegespreek het. Sy het ook die onderwysers bedank vir hul harde werk en die bydrae wat hulle elke dag lewer.

Die jong besoekers moes by die verskillende stalletjies stop, waar hulle meer oor die skool se aktiwiteite kon leer. By elke stalletjie het hulle 'n plakker ontvang om in hul paspoorte te plak. Die laaste stop op hul reis was by mnr. Johnny, die skoolhoof, aan wie hulle hul voltooide paspoorte kon wys. As beloning vir hul suksesvolle reis het elke kind 'n medalje ontvang.

Terwyl die kinders heerlik gespeel en baljaar het, is die ouers in die saal bekendgestel aan dit wat Hoërskool Heilbron besonders maak. Die skool se revue het gesorg vir vermaak, terwyl die graad 1-leerders met 'n vrolike dans en liedjie die ouers se harte gesteel het.

Ouers het ook die geleentheid gekry om meer te hoor oor die verskillende sportsoorte, redenaars, voordrag en ander buitemuurse aktiwiteite waaraan leerders kan deelneem. Die skool se kleredrag en vereistes is ook aan die ouers verduidelik sodat hulle 'n beter beeld kon kry van wat dit beteken om deel van Hoërskool Heilbron te wees.

Die opedag was nie net 'n bekendstelling van die skool nie, maar ook 'n geleentheid vir jong besoekers om self te ervaar hoeveel geleenthede, pret en trots deel van die Hoërskool Heilbron-familie te word.
















Heilbron se gimnaste skitter op die mat

Kyla Bennink se eerste jaar as gimnastiekafrigter in Heilbron was beslis een om op trots te wees!


Saterdag het die Heilbron- en Petrus Steyn-gimnaste tydens hul Gala en Prysuitdeling die jaar se harde werk en besonderse prestasies gevier. Hoewel die klub al drie jaar bestaan, is dit hulle eerste kompeterende jaar.

Die klub se gimnaste het reeds vroeër vanjaar gewys waartoe hulle in staat is. By die Noord-Vrystaat-kwalifisering in Bultfontein het al 18 gimnaste vir die Vrystaat Flip Fest gekwalifiseer.


By die Noord-Vrystaat-kwalifisering het die Heilbron-span uitstekend gevaar: Anuchke Mienie het goud met 35,10 behaal, terwyl Gabby Quinta en Marike de Vries elk goud met 35,05 verower het. Die span het verder 11 silwermedaljes en vier bronsmedaljes huis toe gebring.

Saterdag se gala en prysuitdeling was 'n gepaste afsluiting van 'n suksesvolle eerste jaar. Die gimnaste se prestasies is gevier en elkeen kon met trots terugkyk op die vordering en harde werk wat deur die jaar gelewer is. Vir Kyla was dit ook 'n besondere geleentheid om die vrugte van haar eerste jaar se harde werk saam met haar gimnaste te vier.

















KENNISGEWINGS

FORM JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **TE6016/1998** passed by **Reitz-Petsana Oorgangsraad** in favour of
1. **Mogotsi Stephen Mokgoeloa,**
Identity number 341028 5179 08 9 and
2. **Mamakhoa Julia Mokgoeloa,**
Identity number 470406 0283 08 5 married in community of property to each other in respect of certain **Erf 928, Petsana, District Reitz, Province Free State** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Reitz this 27th day of October 2026.
BLIGNAUT & WESSELS ATTTORNEYS
29 SAREL CILLIERS STREET, REITZ, 9810
katinka@bwattorneys.co.za
TEL: 058 863 2884 / 5

KENNISGEWING

Kennisgewing in die **Boedel van Wyle Johanna Lousia Thornhill,**
Identiteitsnommer: 390829 0038 08 3, in lewe 'n Pensionaris, woonagtig te **Huis Sorgvry Clarkstraat Reitz, 9810, 'n weduwee**.
DATUM VAN AFSTERWE: 2 MAART 2025
BOEDELNOMMER : 004130/2025
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6, REITZ, 9810

KENNISGEWING AAN KREDITEURE & DEBITEURE IN BESTORWE BOEDELS

In die boedel van **Wyle Maria Johanna Crause**
Identiteitsnommer: 540830 0029 08 9
Van: Sesdestraat 108, Heilbron, 9650
Wie in lewe 'n weduwee was.
Datum van afsterwe: 11 September 2026
Boedelnommer: 007136/2026
Kennis geskied hiermee aan alle persone met vorderings teen bogemelde boedel om dit binne 30 dae vanaf datum van publikasie hiervan by die Eksekuteur, hieronder gemeld, in te lewer.
Geteken te Bethlehem op hierdie 30ste dag van Oktober 2026
MARIUS STOFFBERG
POSBUS 2689
BETHLEHEM, 9700
Verw. MAR604/















SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die
Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE
per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HERALD Sport

Bronnies bekroon as kampioene van die Besigheidsliga

Die Besigheidsliga-rolbalkompetisie het ná vier rondes tot ’n einde gekom, met Bronnies wat as die algehele wenners uit die stryd getree het.

Bronnies het die kompetisie op ’n hoogtepunt afgesluit en met agt punte boaan die puntelys geëindig. Hulle het deur die vier rondes ’n sterk vertoning gelewer en hul naaste teenstanders met twee punte geklop.

RSA Grain, L&T Boerdery, Kopanang en Iceburg Truck Stop het elk ses punte behaal en die tweede tot vyfde plekke beklee. Dit was ’n mededingende liga waarin verskeie spanne deurgaans om die boonste plekke op die puntelys meegeding het.

JCB, What’s News, Bayer, VKB en Pakworks Nuts (Mans) het elk vier punte aangeteken, terwyl Pakworks Naks (Dames) en JG Potgieter met drie punte geëindig het.

Bronnies kan met trots terugkyk op hul prestasie en die Besigheidsliga-titel vier ná vier rondes se rolbalaksie.













Heilbron verloor naelbyt wedstryd met één paaltjie teen Route 66

Heilbron se krieketspan het die afgelope naweek in ’n naelbytstryd teen Route 66 vasgeval en die wedstryd met slegs één paaltjie verloor.

Heilbron het 187 lopies op die telbord geplaas, met Danie Rietchard wat met ’n puik kolfbeurt van 60 lopies uitgeblink het. Rao Ali het hom goed ondersteun met ’n blitsige 47 lopies van slegs 24 balle.

Heilbron se boulers het tot die einde toe hard geveg, maar kon ongelukkig nie die laaste paaltjie neem om die oorwinning te beklink nie.

Heilbron speel die naweek weer tuis wanneer hulle teen Rust Ter Vaal te staan kom. Die wedstryd begin om 13:00 by Hoërskool Heilbron.

Ondersteuners word hartlik uitgenooi om die span te kom aanmoedig. Bring gerus jou braaitang saam en kom geniet die middag langs die veld. Toegang is gratis!



Op die foto vl: Gerhard Britz en Danie Rietchard.



Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za Elsstraat 44, Heilbron





BKB

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 9 NOVEMBER 2026

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 10 NOVEMBER 2026

VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

JOZINI Twee-weeklikse veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134

BETHAL: SILWERJARE BEES/IMPL. VEILING
Aanteel beeste/Trekkers/Implemente
11:00, Mooifontein, Bethal
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
Tileie Crawford 082 331 2038

WOENSDAG - 11 NOVEMBER 2026

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

NEWCASTLE/NORMANDIEN
Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223

KINROSS Speenkalf veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

DONDERDAG - 12 NOVEMBER 2026

FRANKFORT Herdenkingsveiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

EMADADENI Twee-maandelikse veiling
Kontak Enrico Wiliams 078 937 0923

VRYDAG - 13 NOVEMBER 2026

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

INGOGO Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071